# ONS NUUSBRIEF

## GEREFORMEERDE KERK BLOEMFONTEIN-NOORD

15 FEBRUARIE 2026 Nr 07

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Predikant**: | ***Ds Kobus Botha*** | **Skriba/** | ***Pieter du Plessis*** |
| | **051 436 2930/082 410 7447** | **Koster:** | **082 570 1804** |
| **Orrelis:** | ***Louri Coetzee*** | **Kerkkantoor:** | **Telefoonnommer: 051 436 2932** |
| | **083 776 6989** | **Kantoorure:** | **Per afspraak** |
| **Diakonie:** | **Voorsitter: *Muller Heyns*** | **Posadres:** | **Posbus 28182, DANHOF 9310** |
| | **072 469 7778** | **E-posadres** | **kantoor@gkbfnnoord.co.za** |
| **Susters:** | **Voorsitter: *Ester Botha*** | **Webwerf:** | **www.gkbfnnoord.co.za** |
| | **072 784 9451** | **Facebook:** | **https://web.facebook.com/gkbfnnoord** |
| **Katkisasie:** | ***Karien van Rooyen*** | **Kassier:** | ***Mariza Mosca*** |
| | **079 888 8910** | | **082 405 8565** |
| **Lesotho Uitreik/** | ***Kerkkantoor*** | **Bank Kerk:** | **ABSA (632005) Tjekrekeningno 1570 340 065** |
| **Evangelisasie:** | **082 570 1804** | **Bank Diakonie:** | **ABSA (632005) Tjekrekeningno 0470 280 026** |
| | | **Zapper-kode vir kerklike bydraes:** | |

**VERJAARSDAE**

Die volgende lidmate verjaar gedurende hierdie week. Baie hartlik geluk! Ontvang ons allerbeste seënwense vir die nuwe lewensjaar!

| | | | |
|---|---|---|---|
| 16 Feb: Sr Elsabé Steenekamp | 082 898 7098 | 18 Feb: Br Charles Kotzé | 083 388 5592 |
| 16 Feb: Br Hennie Janse van Rensburg | 060 880 2967 | 18 Feb: Pieter Pretorius | 082 777 5782 |
| 16 Feb: Br Lukas Fourie | 082 412 6238 | 19 Feb: Sr Estie Buys | 083 298 4878 |
| 17 Feb: Carlin Allen | 082 920 1298 | 19 Feb: Br Pieter Kruger | 083 309 0863 |
| 17 Feb: Br Hannes Pretorius | 082 777 5782 | 20 Feb: Sr Marli Olivier | 061 407 6525 |
| 17 Feb: Br Louri Coetzee | 083 776 6989 | 21 Feb: Br Wilhelm Klopper | 073 745 3746 |

## BREë KERKRAADSVERGADERING

Daar word jaarliks vier vergaderings van die Kerkraad en Diakonie (alombekend as die *Breë Kerkraadsvergadering*) gehou. Dit vind plaas in Februarie, Mei, Augustus en Oktober en hierdie Sondag word die eerste vergadering vir 2026 net na die erediens in die kerkgebou gehou. Die belangrikste saak op die sakelys is die bespreking van die begroting vir 2026. Die staande kommissies van die Kerkraad doen ook verslag oor hulle beplande aktiwiteite vir 2026. Ander sake geniet ook aandag, waaronder die aanwysing van geskikte broeders om te dien as ouderlinge. Daar is tans drie vakante wyke, nl. *Dealeweg, Fichardtpark en Sewe Damme.* Ons bede is dat die Here hierdie vergadering sal seën en dat Hy sal voorsien in al ons behoeftes.

## KOLLEKTES

Die kollekte onder die erediens word soos gewoonlik opgeneem vir die Diakonie se ***Kas van Barmhartigheid*** terwyl die deurkollekte bestem is vir die ***Pres Kruger Kinderhuis*** te Reddersburg.

## TEEBEDIENING

Terwyl die katkisasieklasse vir die voorskoolse en laerskool-kinders en die Gr 8 leerders aan die gang is, sal daar weer teebediening in die *Wikus Vorster Saal* wees waarheen almal van harte uitgenooi word. Dit is die beurt van wyk ***Pentagonpark*** en ons bedank die wyksouderling en sy vrou, ***oudl Cornél en sr Nicolé Pieters*** vir die ekstra moeite wat hulle gedoen het om ons almal te bederf! Hartlike dank ook aan diegene wat daarmee behulpsaam gaan wees. Volgende Sondag sal wyk ***Rayton*** aan die beurt kom.

## SUSTERS SE JAARLIKSE BYDRAE

Al die susters in ons gemeente word herinner aan hulle vrywillige jaarlikse bydrae wat ***R200*** beloop. Alhoewel dit in die kassie in die voorportaal geplaas kan word, word ‘n elektroniese betaling in die Susters se bankrekening verkies. Die besonderhede is:
*Geref Sustershulpdiens, Absa, rekeningnommer 470 341 769, takkode 632005*. In beide gevalle is die duidelike vermelding van u naam noodsaaklik. Die Sustersbestuur benodig voortdurend fondse vir verskeie funksies waaronder die Gemeente-etes na Nagmaal, teebediening by begrafnisse, belydenisaflegging en Kerssang-diens. Verder word dit ook aangewend om die kombuisware aan te vul en nuwe aankope te doen. Baie dankie vir almal se begrip en samewerking.

## INSAMELING VAN PLASTIEK PROPPIES

***Sr Machteld du Plessis*** is die koördineerder van hierdie projek wat ten doel het om fondse in te samel vir *Lettie Fouché Skool*. Vir enige navrae kan sr Machteld by 073 251 9286 gekontak word.

# GEMEENTEBOU

Gemeentebou bestaan nie net uit woordverkondiging nie. Daar is baie aspekte van gemeentebou. Boustene is onder andere [1]gemeenskap van gelowiges en [2]diens aan mekaar. Daar is bestaande aksies en nuwe aksies in ons gemeente wat ons graag onder u aandag wil bring.

**Gemeentebou aksies:**

1. *Ekstra Wiskunde klasse : Geert Mosca – 082 826 3378*
    a. Enige kind in ons gemeente is welkom om gratis wiskunde klas te neem op Vrydae – kontak gerus vir Geert om 'n afspraak te maak.
2. *Gemeenskap projek - Beudene (gestremdes):*
    *Nerina Venter – 082 884 4465*
    a. Woordverkondiging en gewyde sang op Donderdae.
3. *Gemeenskapsprojek - Sewe Damme (bejaardes):*
    *Nerina Venter – 082 884 4465*
    a. Besoek bejaardes, speel speletjies en spandeer tyd saam met die mense.
4. *Koor : Louri Coetzee – 083 776 6989*
    a. Die doel van die koor is om God te loof en prys met sang.

6. *Klank & Beeld : Francois Venter – 082 229 4411*
    a. Vir baie jare doen Francois getrou die klank en beeld in die kerk.
    b. Daar is geleentheid om 'n bydrae te maak en hom te help met die taak. Enige persoon wat graag sal wil help kan vir Francois kontak.

Laat weet asseblief vir oudl Erik van Driel by 083 287 1047 indien iemand reeds met aktiwiteite besig is of met iets nuuts wil begin of graag wil inskakel en 'n bydrae wil lewer. Saam bou ons aan die koninkryk van God.

***Pitkos***

*Psalm 128 vers 1: Dit gaan goed met elkeen wat die Here dien en Sy wil doen.*

'n Wysheidspsalm. Ons kan slegs Sy wil doen as ons verstaan wat Sy wil is. Daarom moet ons moeite doen om God te leer ken en Sy wil met ons lewens te verstaan, God te vra vir leiding in alles wat ons doen. Josua was suksesvol elke keer as hy God geraadpleeg het, maar het elke keer 'n fout gemaak as hy op sy eie besluite geneem het.

Ken God in ALLE besluite wat jy neem.

## SAKRAMENT VAN DIE HEILIGE DOOP

Die Sakrament van die Heilige Doop word hierdie Sondag tydens die erediens bedien aan ***Elbé Mason,*** verbondsdogtertjie van ***br Marco en sr Carlise Mason*** van Erns Jansenstraat 14A. Hulle is bevoorreg dat albei oupa's en ouma's sowel as 'n oumagrootjie kan deel in die besonderse geleentheid en ons wens almal van harte geluk! Ons bede is dat die Here die ouers die nodige krag en genade sal gee om die Doopbelofte tot die eer van Sy Naam na te kom.

## KERKLIKE ADMINISTRASIE

*Beroep ontvang:*
- Ds MH (Marco) le Roux van GK Reitz/Lindley na GK Witrivier.

*Beroep bedank:*
- Ds R (Riaan) Jansen van Vuuren van GK Lichtenburg na GK Kuruman.

## BELANGRIKE DATUMS IN DIE EERSTE KWARTAAL

| | |
|---|---|
| Sondag ***08 Maart*** | Voorbereidingsdiens<br>Ouderlinge en Diakonie vergader<br>Katkisasie vir Laerskoolkinders sluit af |
| Woensdag ***11 Maart*** | Katkisasie vir Gr 9&10 en Belydenisklas sluit af |
| Sondag ***15 Maart*** | NAGMAAL en Gemeente-ete |
| Saterdag ***21 Maart*** | Menseregtedag |
| Sondag ***22 Maart*** | Nabetragtingsdiens |
| Vrydag ***27 Maart*** | Skole sluit |

### LITURGIE TYDENS EREDIENS

Skriflesing : Hebreërs 7:11-28
Teks : Hebreërs 7:23-25
Sang : Lb 577:1,2,3
: Sb 1-6:1,2,3
: Ps 99:1,4,5
: Ps 134:4
: Ps 105:5
: Sb 2-4:1,3

### GEDAGTE VIR DIE WEEK

Maar aan almal wat Hom aangeneem het, dié wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word.

Johannes 1:12

# DIAKONIE
## HELP MET
# *VERVOER*

Vir enige kerk-verwante geleenthede en indien jy hulp benodig.



Indien jy enige probleme met vervoer ervaar, kontak asb Muller Heyns op 072 469 7778.

## KLERE DONASIES

**Enige donasies word verwelkom en kan Sondae by die kerk se voorportaal afgelaai word.**

BLOEMFONTEIN NOORD GEREFORMEERDE KERK DIAKONIE
IN SAMEWERKING MET ANCHOR OF HOPE

**Enige navrae:**
**Elize Heyns 082 868 1620**




https://forms.gle/vYe33tgCNbjA1ekc6







Geldelike bydraes kan deur middel van die volgende skakel inbetaal word: https://pay.yoco.com/gkv-hulpsentrum

U word hartlik uitgenooi na die

# SUSTERSAAMTREK

## Gereformeerde Kerk Suidheuwels

### *Leef bedagsaam voor God*

7 Maart 2026

08 : 00 Registrasie
09 : 00 Program
10 : 30 Ontbyt
13 : 00 Afsluiting

Spreker:
Elrika Senekal van der Berg

Koste:
R180 per persoon

RSVP
Voor of op 1 Februarie
Joey Bekker 073 141 6449
Antoinette vd Walt 082 553 8923

Finale bevestigings en Inbetalings teen 15 February 2026

Geen laat wysigings kan na 15 Februarie aanvaar word nie

